

Pretoria- 1 Augustus 2010

**Skriflesing:** Esegïel 5

Teks: **Esegïel 5:1-4**

**Sing- SAMESANG:**

**TYDENS EREDIENS:**

Dit wat ons vandag Esegïel sien doen, broeder en suster, is weereens 'n simboliese handeling wat mens na verskeie kante aangryp. Nog steeds staan dit direk in aansluiting by wat in hfst.4 aan die orde was. Daar was reeds drie dinge wat Esegïel moes doen. Eers moes hy op 'n nat kleisteen 'n kaart van Jerusalem teken. Die geboue, die strate, almal daar in die ballingskap word herinner hoe dit in Jerusalem lyk, maar dan het Esegïel skielik 'n bakpan geneem en daardeur afgebeeld dat soos hy wat Esegïel is hierdie ysterplaat tussen hom en die tekening van Jerusalem hou so is God besig om hom van Jerusalem af te skei. Deur God se toedoen sal die stad beleër word. God plaas tussen Hom en die stad waarin die tempel is, Self 'n simboliese ystermuur.

Die derde gebeurtenis is wat die langste sou duur. Vir baie lank, ons aanvaar vir 390 dae gaan lê die profeet op sy linkersy en vir elke dag se vaslê op die een sy is daar vir die tien stammeryk nl. Israel 'n simbool vasgelê van hoe lank hulle in hulle ballingskap sal vaslê. Elke dag se lê verteenwoordig 'n jaar se ballingskap. Na die baie lang tyd van net op die een sy lê kom die volgende 40 dae en Esegïel lê nou op sy regtersy. Nou word daar direk na Juda gekyk, die twee-stammeryk, waar ook Jerusalem geleë is. In hierdie periode van 40 dae op die regtersy lê verskuif Esegïel deur sy optrede letterlik die fokus na Jerusalem.

Hierdie lê van die profeet vir solank (390 dae +40 dae) waar kos en water tog nog steeds nodig is word die profeet se kos en water die toonbeeld van meer as net die uitgerekte lengte van die ballingskap, maar dit gaan ook oor die swaar van die ballingskap. Hoe onrein, hoe honger sal sy volk word, dit wys Esegïel ook. Onrein want daar word daagliks vir hom maar 'n klein broodjie gegee, met gemengde sade gebak wat glad nie volgens Levitiese reinheiswette mag gebeur nie en dan word dit nog boonop op die uitwerpse (op die mis) van 'n bees gaar gemaak. Dit sou eers op menslike ontlasting ook voorgestel word, maar dit het Esegïel God gesmeek om nie te laat gebeur nie. En deel van die derde proses is waar God die broodjie breek en wys dit wat ek afhanklik van is, soos 'n oumens op sy kiere moet kan leun, wat gebeur as daardie staf gebreek word.

\*\*\*

Nou gaan daar meer as 14 maande verby. Die klei waarop Jerusalem geteken was, het intussen hard droog geword, dalk al plek-plek verskrompel en ja hoe het Esegïel teen hierdie tyd nie al gelyk nie. Sy hare sou lank wees, sy baard tot 'n digte bos begroei wees, maer en swak sou hy voorkom, werklik sou sy voorkoms in die totaliteit daarop dui van hom wat uit 'n bittere swaarkry kom, maar die swaarkry vorm eintlik maar die portret van hoe die volk van God van die swaar nie sal loskom nie.

\*\*\*

Nou gee God die volgende opdrag. Die Israeliet se baard is in baie opsigte 'n ereteken gewees en veral as iemand 'n priester moet wees, soos Esegïel uit die priesterstand gebore en gevorm daarvoor, dan mag 'n priester die minste van alle mans sy baard skeer. Die baard en die hare, as ons hier maar ook aan Simson dink was selfs teken van sieraad en krag. Esegïel moet nou alles afskeer. Geweldig vernederend en hy mag nie met 'n skeermes sy baard en hare skeer nie, maar hierdie lange hare en digte baard moet eintlik met 'n swaard afgekerwe word. Om die hare nie met 'n skeermes nie, maar met 'n swaard te moet sny is al simbool van 'n allesoorweldigende oorlog. Die skeur wat Esegïel nou moet skeur sou ook kon dui op lewensgebrokeheid, hoe daar lewensvernietiging is.

Pretoria- 1 Augustus 2010

Die totale prentjie van Esegïël se ellende is die ellende wat die Here heeltyd wys Hy na Jerusalem sal oordra. Jerusalem sal ook opgekerwe word, gesny word, daarvan is die swaard die beeld, maar ons besef die Here werk met 'n swaard en 'n skaal. Dit sal ons altyddeur besef, God werk nie met 'n onafgemete oordeel nie. Daar is geen willekeur by God nie. Die heilige maatstaf van die goddelike geregtigheid is afgeweeg. Beide die swaard en die weegskaal is simbole van God se suiwere reg. Laat ons egter ons haas om dan te sien presies hoe God sy reg laat werk. In vandag se lewe is dit ook van die uiterste belang om dit te verstaan.

Die afgesnyde hare en baard word nie maar sommer saamgebondel soos wat hulle afgeskeer is nie, maar in daardie vertrek waar Esegïël nou al solank was, die kaart van Jerusalem wat Jerusalem verteenwoordig is ook daar, al die hare en baard word mooi in drie bondels verdeel. Reeds dui dit op die diepe verdeeldheid wat daar in die volk sal wees. Calvyn sien in die digte bos hare, die menigte mense in elke haartjie afgeteken, maar al is die mense so baie soos die hare op jou kop daar kom 'n diepe verdeling wat op 'n totale verdeeldheid dui. Die eerste bondel hare word dan in die middel van Esegïël se sketsplan van Jerusalem geplaas. Dit alles was haarfyn afgemete. Die eerste bondeltjie word aan die brand gestee. Die vuur van God se toorn sal in die midde van sy stad uitgaan. Daar sal een-derde van die stad met die beleëring van die stad sommer reeds in die stad omkom. Die honger wat daar gaan uitbreek, die pes wat gaan losbreek, sal soos 'n skeermes oor jou baard kan sny, hier wel nou die swaard wat kerf, dit sal die inwoners reeds in die stad geweldig seermaak, opgekerwe sal daar menigtes in die stad wees.

Die tweede presies afgemete bondel hare en baard word in opdrag van die Here al aan die sykante van die sketsplan gestrooi. Al langs die kontoere van die getekende stad lê dan die hare en hy moet hierdie hare met 'n swaard begin opkap. Die simboliek is tog duidelik dat as die stad Jerusalem ingeneem word daar 'n deel sal wees wat wel uit die stad kon uitvlug. Hulle sal egter ook nie wegkom nie. Of hulle nou selfs die berge ingevlug het, die swaard sal hulle ook agtervolg en tref. Die strafgerig van die Here werk hier so, of jy aan die een ontkom het, dan loop jy jou in die volgende een vas.

Dan beweeg Esegïël skielik met die derde bondeltjie na die deur se kant toe. Al het sy omstanders deur hierdie drama hier voor hulle gedink daar is mos darem nog die derde deel oor, maar daar kruip die profeet na die deur en hy gooi daardie bondeltjie na buite wat deur die wind opgeraap word en dit hoef maar net 'n ligte wind briesie te wees wat nou hierdie klompie hare en baard in alle rigtings wegwaai. Hierdie derde deel van die volk wys hoe hulle deur hulle vyande oor die wêreld heen in die ballingskap verstrooi sal word. Daar waai hulle oral rond en baie van hierdie volk wat oorspronklik van Jerusalem afkom sal in vreemde lande sterf. Die maat van God se toorn is in Jerusalem behoorlik vol. Dit help nie hulle sal selfs in die tempel met godsdienstige vertoon die Psalms van Dawid aanhaal nie. Om dan te wil sing- *laat trotse voet my nooit vertrap...nóg bouse hand in ballingskap...my dwing om rond te swerwe.* Die Here wys dat Hy dan nie sal hoor nie. Dawid se Psalm sal in sy volheid gebeur- *Daar val die werkers van die kwaad vir altyd in 'n jammerstaat waarin hul magt'loos sterwe.*

Dit alles wat met die hare gebeur is maar eintlik 'n voorspel tot die werklikheid wat in Jerusalem sal gebeur. Ons besef deurentyd en hier moet ons dit weer onderstreep, al hierdie dinge kom nie maar sommer plotseling en onverwags oor Jerusalem nie. Dit val nie maar sommer uit die hemel op hulle neer nie. Die Here maak nie soos 'n misdadiger wat met sy

Pretoria- 1 Augustus 2010

vlymskerp swaard onverwags jou liggaam deurboor nie. Nee, daarom dat hierdie hele optrede van Esegïel nie net 'n swaard bevat nie, maar ook 'n weegskaal.

Dink jou in om hare en baard te weeg, dit verg die fynste afmeting, moeilik sal die lesing van die gewig van 'n klompie hare geles kan word, maar dit sê vir ons so noukeurig het die Here sy volk deurentyd geweeg. Die swaard en die skaal is albei simbole van die Here se suiwere reg. Nog lank voor Esegïel vir hulle hierdie afmeting doen, hierdie noukeurige verdeling het nog nie eers plaasgevind nie, toe het Jesaja lank voor Esegïel gewaarsku – Jes.7:20 *In die dag sal die Here met die skeermes wat anderkant die Eufraat gehuur is, met die koning van Assur, afskeer die hoof en die hare en die voete; en dit sal ook die baard wegneem.* As die volk die uitgeteerde Esegïel hierdie geweldige gebeurtenis laat afspeel, dan sou hulle moes weet dit is eintlik Jesaja wat in Esegïel hier afgerond word.

\*\*\*

Maar wag, van afronding gepraat, het u kon raaksien, dit wat Esegïel nog moes doen. Hy kruip na die skaal terug, sowaar daar is nog so beittjie hare en baard oor. Dit is die genade déél, so groot, so onbegryplik heerlijk dit wat in die klein bietjie hare oorbly. Hierdie klein bietjie wat hy kon aftel en in sy mantelslippe verberg. In die soom van sy kleed bly daar dan die bietjie hare oor. Geliefdes, hier is die uitverkiesing vir ons weer so beeldryk ingeteken. Hierdie klein oorblyfseltjies van Israel is hulle wat in die tyd van Esra en Nehemia die deel van Israel sou word wat weer ná al die jare na Israel sou kon terugkeer. 'n Deel wat maar klein is, wat selfs maklik getel sou kon word, maar hulle het behoue gebly. Tog ook weer nie almal nie, want selfs 'n bietjie van die hare reeds by Esegïel in die soom van sy kleed of in sy mantelslip ingestek nog weer moet hy daarvan ook 'n deeltjie uithaal en dit met vuur verbrand. Daar sal dan selfs onder hulle wat lyk die oorblyfsel te wees, onder hulle is ook nie almal uitverkies nie.

Dit wys so duidelik en finaal dat niks en niemand die aandag van die Here sal ontkom nie. Net die baie klein gedeelte, hulle van wie ons kan sê hulle is in God se soom weggeleë, net hulle in die soom van God se kleed sal behoue bly. Nou begin dit wat Jesus ons verkondig het tog duidelik in ons lewens inkom. Dit was tog duidelik as Jesus sê – *Baie is geroep, min is uitverkies.* Esegïel laat sy volk dit sien. Jesus het ook in die menigte skare dit nie laat verby gaan dat waar daar in die soom van God se kleed van sy kinders weggeleë is, toe daardie vrou kom en sy raak die soom van sy kleed aan, die vroue vir solank aan bloedvloeiing blootgestel, sy het so onder die dokters gely, maar by die soom van God se kleed was daar vir haar plek. Jesus wys haar, haar plek!

Die Here dink altyd aan sy verbond. Dit maak dit moontlik dat die kerk nog bestaan. As dit nie was dat die Here nog altyd aan sy verbond dink nie, dan sou hier nie meer 'n kerk op aarde kon wees nie. Al is die oorblyfsel so ontsettend klein, so min- *baie geroep, min is uitverkies...* Die ware kerk mag getroos weet al is ons op die einde hoe min, die Here sal sy kerk nooit uitroei nie. Die lewende kind van die Here het die belofte dat hy/sy tot in ewigheid sal bly. Al word daar ontsaglik baie takke uit die boom uitgesny en ja ons moet ernstiger daarna kyk dat die dooie hout uit die lewende boom van God daadwerklik uitgesny moet word. Dit mag dalk met tye lyk daar gaan niemand oorbly nie, maar die Here sal die stam behoue laat bly. Die stomp van Isai wat sou lyk soos 'n stuk wortel uit droë grond, maar juis uit hierdie stomp, die wortel wat die dorre aarde net so droog laat word, het, uit hierdie stomp is Christus gebore.

Die kerkgeskiedenis sal vir ons baie voorbeelde kan wys van kinders van God wat in die soom van sy kleed weggestek was. In die slippe van sy mantel. Kyk maar net na God se Woord self. Noag maar agt mense, gered en bewaar, hulle is presies getel en bewaar en die

Pretoria- 1 Augustus 2010

soom van die uitverkiesing ingeplaas. As Sodom en Gomorra vergaan, dan is daar Lot, hy word ook bewaar in die soom van God se gewaad. Luther, Calvyn, ja ook hulle was ter wille van die Here se kerk in die soom van die Here se mantel ingebring. Dit gaan oor die kerk, maar dan nie die instituut, die sigbare, soos wat ons die kerk baie keer eintlik as 'n groot vereniging of organisasie voorstel nie. Die instituut, of dit wat ons van die kerk sien gee dikwels geen rede tot bewaring as ek dink ek moet maar net in die kerk wees. Baie is geroep, min is uitverkies. Gam het in die heilige skool van die ark geleer, maar kyk wat is die resultaat die oomblik toe hy sy pa kan uitlag. Lot se vrou is nog 'n voorbeeld. Op die roete van bevryding wat God skenk kyk sy om. Haar laaste smaak sou na sout proe.

Ons kan maar saamvat deur te wys wat die Here deur Paulus hieromtrent ons vir ons duidelik maak. Paulus kom terug na die volk saam met Moses in die woestyn. Hy skryf hoe daar baie geroep was- *almal in Moses gedoop in die wolk en in die see en almal dieselfde geestelike spys geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het en die rots was Christus*. As die Here egter deur Paulus die some uitskud dan staan daar van hierdie almal wat ons so by herhaling van lees- *Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is neergeslaan in die woestyn...* Laat ons egter getroos weet die verkiesing van God is nie daar om ons te verskrik nie, om in die soom van sy genade te mag kom, is waar God jou die belofte gee soos Romeine 8 dit vir ons gee- daar is niks wat ons kan skei van die liefde van Christus nie. Moet nie met die Here se liefde mors nie, dan is jou lewe in alle geval klaar 'n gemors. Esegïel het met baie morsigheid te doen moes kry oor 'n morsige volk. Jesus het met sulke mense sy lewe moes sluit, tog het Hy juis sy skone lewe vir ons gegee dat ons lewens in Hom skoon kan word. Daardie vrou het uitgestaan tussen baie, want as die soom van God aanraak, dan vra die Here sy dissipels wie My aangeraak het. Die dissipels vind dit eintlik 'n dom vraag, want daar is so 'n skare, hulle druk en dring teen mekaar aan, maar die Here maak 'n verskil tussen aandringing en aanraking. 'n Verskil wat deur die geloof gemaak word. Daar is baie wat by Jesus wil aandring, maar wat Hom nooit aanraak nie. Dit is die verskil tussen baie en min- *baie is geroep, min is uitverkies*. Die hare en baard van Esegïel sê dit alles!

AMEN